| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOëHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Hoëhof, Kimberley)

Saak No: CA&R 36/2009
Saak Aangehoor: 03/08/2009
Datum gelewer: 07/08/2009

**In die saak tussen:**

T Williams — Appellant

en

Die Staat — Respondent

**Coram: Olivier R et Mjali WnR**

## UITSPRAAK

**Olivier R:**

1. Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind op 4 aanklagte van bedrog en gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf, waarvan 2 jaar voorwaardelik opgeskort is vir 5 jaar. Die misdrywe het almal betrekking gehad op die eis van reis-en verblyftoelaes deur die appellant, wat op daardie stadium 'n aanklaer was.

2. Die Verhoorhof het aan die appellant verlof verleen om teen die vonnis (alvier aanklagte is saamgeneem vir die doeleindes van vonnis) te appelleer, maar het verlof geweier ten aansien van die skuldigbevindings. Die appellant se daaropvolgende petisie (om

verlof om teen sy skuldigbevindings te appelleer) na hierdie Hof, sy aansoek om verlof tot appèl teen die afwysing daarvan en sy petisie na die Hoogste Hof van Appél was almal onsuksesvol.

3. Wat dus tans voor hierdie Hof dien, en wat tot nou oorgehou is hangende die uitputting deur die appellant van sy remedies ten aansien van sy skuldigbevindings, is die appèl teen die vonnis.

4. Dit is geykte reg dat 'n Hof van Appél slegs met 'n vonnis sal inmeng waar daar 'n wesenlike mistasting begaan is by die oplegging daarvan of waar dit skokkend onvanpas is.

5. Ek het reeds in my vroeëre uitspraak (ter afwysing van die aansoek om verlof tot appèl teen die afwysing van die appellant se petisie na hierdie Hof ten aansien van sy skuldigbevindings) vollediglik gehandel met die aard van die appellant se oortredings en ek gaan dus in hierdie verband volstaan met 'n verwysing na daardie uitspraak.

6. Die Streeklanddros het geweldig baie klem gelê op die feit dat die appellant ten tye van die oortredings 'n aanklaer was en het minstens elf keer in die vonnis-uitspraak daarna verwys, en bevind dat die appellant 'n vertrouensposisie beklee het.

7. Dit is moontlik so dat dit verswarend is dat 'n aanklaer, wat juis verantwoordelik is vir die toepassing van die reg, self oortree, en dit nogal oor 'n betreklik lang periode, by herhaling en noodwendig met 'n mate van beplanning (vergelyk die posisie van 'n polisiebeampte: **S v Strydom en 'n Ander** 1994 (2) SACR 450 (W) op 465D-466A).

8. Ek meen egter dat die Streeklanddros hierdie faktor oorbeklemtoon het ten koste van die appellant se persoonlike omstandighede (vergelyk **S v Maqelepo** 1999 (1) SACR 328 (O) op 335B-F). Buiten verwysings na die appellant se verweer (ten aansien van aanklagte 1 en 3) dat hy weens stres ontoerekeningsvatbaar was, is daar nêrens in die vonnis-uitspraak 'n aanduiding dat die Streeklanddros vir 'n oomblik oorweging verleen het aan wat die effek van die vonnis op die appellant as individu, en as 'n getroude vader van 3 kinders wat weens sy oortredings sy werk verloor het en pas met 'n besigheidsonderneming begin het, kon wees nie.

9. Die vraag ontstaan in elk geval ook of hierdie werklik 'n geval was waar die appellant in 'n vertrouensposisie in die gewone sin van die woord verkeer het, meer spesifiek met betrekking tot die misdade wat hy gepleeg het. Daar is geen getuienis dat hyself op enige wyse betrokke was by die prosessering, oorweging of uitbetaling van sulke toelaes nie. Op die getuienis was hy in presies dieselfde posisie as enige ander amptenaar, soos 'n klerk of 'n tolk, wat die eis van sulke toelaes betref het.

10. Die Streeklanddros het na my oordeel ook onvoldoende oorweging verleen aan die getuienis dat die appellant ten tye van die pleging van die misdrywe gebuk gegaan het onder ernstige huweliksprobleme, en ook finansiële probleme. Die feit dat die appellant nie as gevolg daarvan ontoerekeningsvatbaar was nie en dat hy baat gevind het by terapie, doen geen afbreuk daaraan dat die probleme bestaan het en tog van sodanige erns was dat die appellant hom gewend het tot sielkundige berading en dat hy selfs op 'n stadium in sy motor moes slaap weens die feit dat hy nie huisvesting in Kuruman gehad het nie (sy eggenote en kinders was op daardie stadium in Kimberley woonagtig, vanwaar

hy na Kuruman verplaas was, welke verplasing volgens hom onderliggend was tot sy huweliks- en finansiële probleme).

11. Wat die appellant se persoonlike omstandighede betref, was die getuienis verder dat hy, nadat hy natuurlik sy werk as aanklaer verloor het, 'n besigheid begin het met fondse wat onder andere bekom is deur die verkoop van sy enigste oorblywende motorvoertuig (nadat 'n finansiële instelling weens wanbetaling op die ander een beslag gelê het). Die besigheid sou vanaf 2 Oktober 2007 ten volle operasioneel gewees het en sy verwagte inkomste daaruit sou in die omgewing van R1 500,00 tot R2 000,00 per maand gewees het.

12. Die Streeklanddros het in hierdie verband die aanname gemaak dat die appellant se vrou in staat sou wees om die besigheid te bedryf terwyl die appellant in die gevangenis is. Al inligting wat sodanige aanname denkbaar sou kon ondersteun, was die feit dat die appellant se eggenote op daardie stadium binnekort haar werk kwyt sou wees (weens die beëindiging van haar werkgewer se kontrak). Daar is geen ander getuienis wat die aanname sou kon ondersteun dat dié moeder van drie jong dogters die besigheid sou kon bedryf nie.

13. Die appellant was toe al vanaf die datum van sy ontslag as aanklaer, 'n periode van ongeveer 3 tot 4 jaar, werkloos.

14. Die enigste oorweging wat die Streeklanddros verleen het aan die positiewe feit dat die appellant as voorsitter betrokke was by 'n gemeenskapsorganisasie wat sosio- en ekonomiese probleme onder die jeug aangespreek het, was om te wonder "*what is the accused teaching the people ... that he is saying he is helping through these community projects*".

15. Die inligting wat die appellant aan die Verhoorhof voorgehou het ten aansien van sy betrokkenheid by dié organisasie en sy werksaamhede, is nooit aangeval nie en daar was eenvoudig geen basis vir die Streeklanddros se houding nie. Die Streeklanddros het dié duidelik positiewe persoonlike faktor eenvoudig afgemaak deur die ongefundeerde verdagmaking van die appellant se werksaamhede onder die jeug.

16. Dan het die Streeklanddros ook by die oplegging van vonnis by twee geleenthede verwys na koerantberigte rakende wanadministrasie (in die veld van regspleging) en sake wat van die hofrol geskrap is, en opgemerk dat die appellant ongelukkig was om teen die agtergrond van daardie berigte gevonnis te word. Dit blyk baie duidelik dat die betrokke berigte verswarend ingewerk het by die oorweging van vonnis.

17. Die presiese inhoud van die berigte is egter nooit behandel nie en dit is dus onmoontlik om te oordeel of hulle tereg teen die appellant in aanmerking geneem is.

18. Erger nog, die appellant is nooit die geleentheid gebied om die Hof daaroor toe te spreek nie. Nadat die appellant die Streeklanddros ten aansien van vonnis toegespreek het, het die aanklaer in sy betoog slegs 'n vae verwysing na 'n koerantberig ten aansien van 'n landdros gemaak waarna geen geleentheid aan die onverteenwoordigde appellant gebied is om daarop te repliseer nie.

19. Die werklike en tasbare nadeel gely as gevolg van die appellant se optrede was maar ongeveer R1 500,00 (wat werklik nie baie

geld is wanneer dit vergelyk word met die omvang van bedrogsake in die algemeen nie).

20. Ek meen dat, heeltemal afgesien van die voormelde mistastings wat die Streeklanddros begaan het, die opgelegde vonnis inderdaad ook skokkend swaar is en meer spesifiek daardie komponent daarvan wat sou beteken dat die appellant, wat uit die aard van die saak op die ouderdom van 31 jaar (toe hy gevonnis is) nog geen vorige veroordelings gehad het nie, 'n periode in die gevangenis sou moes deurbring (vergelyk **S v Sindhi** 1993 (2) SACR 371 (A), **S v Magqabi** 2004 (2) SACR 551 (E), **S v Silimela** 1999 (2) SACR 7 (C), **S v Koopman** 1993 (1) SACR 379 (A) en **S v Esterhuizen** 1990 (1) SACR 104 (T)). Alles inaggenome, was hierdie nie 'n geval waar die appellant sondermeer na die gevangenis gestuur moes gewees het nie. Mnr Mashuga het dan ook in betoog heeltemal tereg hierdie toegewing namens die respondent gemaak.

21. Ek meen dat, ook in die lig daarvan dat vonnis hierin nou al so lank terug as in 2006 opgelê is, dit gerade sal wees om by die oorweging van 'n gepaste vonnis te let op wat die appellant se posisie tans is (vergelyk **S v Balfour** 2009 (1) SACR 399 (SCA)).

22. Die appellant het intussen 'n werk bekom as 'n besigheidskonsultant en projekleier. Hy beman die betrokke instansie (wat te Kaapstad gebaseer is) se kantoor in Kimberley en verdien 'n netto maandelikse inkomste van ongeveer R8 000,00. In die lig hiervan het hy die besigheid wat hy destyds beoog het om te bedryf laat vaar, maar is hy tans besig om 'n ander besigheid op die been te probeer bring ('n begrafnis-onderneming), waar hy werk sal voorsien aan vyf persone wat

tans werkloos is. Al wat nog kortkom vir die laasgemelde besigheid, is die toepaslike registrasie.

23. Die appellant se eggenote het ook gou weer werk bekom en verdien tans ongeveer R5 000,00 per maand netto.

24. Die appellant het aangebied om 'n boete te betaal en het ons verseker dat hy in staat sou wees om enige bedrag te betaal (terwyl hy destyds net R3 000,00 kon aanbied, wat hy ook nog sou moes afbetaal het). Hy het tog versoek om toegelaat te word om af te betaal aan enige bedrag waarmee 'n boete die bedrag van R5 000,00 sou oorskry; volgens hom bloot om hom in staat te stel om voort te gaan met sy beplande begrafnisonderneming.

25. Volgens die appellant is sy pensioengeld al lank terug reeds ten volle aan hom uitbetaal nadat hy, soos reeds gemeld, sy werk as aanklaer verloor het. Die Staat het egter nie enige skade daarvan verhaal nie en daar was ook nie voor ons 'n aansoek om 'n vergoedende bevel nie.

26. Ek meen dat die appellant die geleentheid gegun behoort te word om buite die gevangenis te rehabiliteer, maar dat hy tog ook by wyse van 'n gepaste boetevonnis bestraf moet word, nie net om te vergeld en om hom te oorreed om nooit weer so 'n misdaad te pleeg nie, maar ook om die erns van sy dade deur middel van die vonnis te weerspieël aan die breë gemeenskap daar buite.

27. In die omstandighede meen ek dat die appèl behoort te slaag en word die volgende beveel:

**Die vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende vonnis:**

1. **‘n Boete van R10 000,00 of 2 jaar gevangenisstraf, asook ‘n verdere 3 jaar gevangenisstraf wat opgeskort word vir ‘n periode van 5 jaar op voorwaarde dat die appellant nie skuldig bevind word nie aan bedrog of diefstal wat gepleeg is gedurende die periode van opskorting en waarvoor die appellant gevonnis word tot onopgeskorte gevangenisstraf sonder die keuse van ‘n boete.**

2. **Die voormelde boete is betaalbaar by wyse van ‘n onmiddellike betaling van R5 000,00, en die vereffening van die uitstaande balans van R5 000,00 teen nie later nie as 31 Desember 2009.**

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam:

**G N Z MJALI**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Nms Appellant: In persoon

| | |
|---|---|
| Nms Respondent: | Adv M M Mashuga |
| Namens: | Direkteur van Openbare Vervolging, KIMBERLEY |